# 2013-08-11_am2_johan-geyser_discovering._the-church-part1

**Sprekersleutel**

OV Onbekende Vroulike Spreker
JG Johan Geyser

OV I asked the God of our Master, Jesus Christ, the God of glory, to make you intelligent and discerning in knowing Him personally, your eyes focused and clear so that you can see exactly what it is He is calling you to do. Grasp the immensity of this glorious way of life He has for His followers. Oh, the utter extravagance of His work in us who trust Him, endless energy, boundless strength, all this energy issues from Christ.

God raised Him from death and set Him on a throne in deep heaven, in charge of running the universe, everything from galaxies to governments, no name and no power exempt from His rule. And not just for the time being, but forever. He is in charge of it all, has the final word on everything, and in the centre of all of this Christ rules the church. The church, you see, is not peripheral to the world. The world is peripheral to the church. The church is Christ's body in which He speaks and acts, by which He fills everything with His presence.

JG Goeiemôre, gemeente. Ek was weg vir 'n paar weke. Ek weet u het dit nie agtergekom nie, maar ek is terug en ek is baie bly om hier te wees. En ek moet u sê, as mens so rondgaan, besoek ander kerke, dan verlang ek darem verskriklik terug na Mosaïek, en ek dink net dis 'n wonderlike plek. En waar jy ookal kom het 'n plek 'n atmosfeer. 'n Plek het 'n presoonlikheid, en daar is hierdie ding wat gebeur, kollektief. Net soos by 'n individu het 'n kollektiewe groep mense 'n identiteit, hulle het 'n persoonlikheid, hulle het sterk punte, hulle het swak punte.

En ons wil juis in hierdie tyd wat voorlê op iets fokus wat ek dink 'n uitdaging is vir ons as 'n gemeente. En dit lyk, as ons dieselfde pad gaan wat die res van die wêreld gaan, en die sekularisasie, die individualisering, die verbruiksgeoriënteerdheid, die tendens wat in Europa aan die gang is, as ek hiernatoe kom, gaan dit waaroor ons hierdie volgende paar weke praat 'n groter uitdaging as ooit wees. Want ek dink dit het veral te doen, die uitdaging van kerkwees en gemeenskap, met die tipe mense wat ons is, die soort lewe wat ons lei, die tyd waarin ons onsself bevind, wat besig is om te gebeur, in ons wêreld, maar ook in die wêreld.

So dis 'n baie baie belangrike ding om oor te praat, en ek wil vandag begin deur miskien 'n hoekom vraag te beantwoord, hoekom kerk, en 'n Bybelse uitgangspunt neer te sit. Volgende week wil ek meer die visie, hoe voel dit, hoe lyk dit, hoe is dit, hierdie ding waarvan ons praat. In die twee weke daarna gaan Trevor baie, baie prakties raak oor wat gemeenskap is en die groot dinamika van aanvaarding binne so

‘n gemeenskap jou lewe te kan deel met ander. Wat beteken dit en hoe is dit vir ons om daarin te kan deel?

Maar vanoggend, om mee te begin, iets wat Paulus geskryf het en gesê het aan die gemeente van Efese. Hy sê vir hulle, God raised Him, Jesus, from the dead, and set Him on a throne in deep heaven, in charge of running the universe, everything, from galaxies to government, no name, no power exempt from His rule, and not just for the time being, but forever. He is in charge of it all. He has the final word on everything.

Kry net... dis die eerste prentjie. Hy sê Jesus is uit die dood uit opgewek, en nou is Hy op die troon gesit in die hemel, en Hy heers oor alles. En jy kry... ons kry in hierdie skrif woorde wat Paulus ‘n paar keer in die... alle... bo principalities en powers, bo alle soorte strukture, gesag, wat daar ookal is, in ons taal sal dit wees bo die munisipale gesag, bo die munisipaliteit, bo die provinsiale, bo die ANC, bo oor die regering van die land, bo die regering van die wêreld is daar Iemand wat op ‘n troon is en in beheer is van dit, Christus.

Dan, die tweede prentjie is, at the centre of all of this Christ rules the church. The church, you see, is not peripheral to the world, the world is peripheral to the church, so hier is Christus en reg onder Hom is die kerk, het ‘n heel ander posisie en ‘n plek as die wêreld, as die res van al die ander goed wat gebeur en aangaan in die wêreld. Hy het ‘n groot plan met die kerk. Die kerk het ‘n ander plek. En dan, the church is Christ’s body. Die kerk is Sy liggaam in which He speaks and acts. En dan iets wat ons nie lekker kan verstaan nie, by which He fills everything with His presence.

Kyk, die kerk, laat ek uitbrei, sê hy, wat in die middelpunt van al hierdie gebeure staan in die wêreld, is Sy liggaam in wie Hy praat en deur wie Hy werk, deur wie Hy alles vul in hierdie wêreld en wat daar gebeur. Mistiese woorde wat moeilik is om te kan verstaan. So die stad Efese was ‘n groot stad gewees. Dit was een van die vooruitstrewende stede van die destydse wêreld, in die middel van ‘n klomp handelsroetes wat daar bymekaargekom het. Tussen die Ooste en die Weste lê die dorpie Efese. Vandag is daar niks van die dorpie oor nie.

Ons het wel... een van die oudste advertensies wat daar nog bestaan is in hierdie dorpie te kry. As die matrose gestop het by die boot, hulle het uitgeklim, na die stad se kant toe beweeg, net so 50 meter, is daar in die klip, jy kan dit vandag nog gaan kyk en sien, ‘n vroutjie geteken sonder klere, en dan is daar ‘n voëltjie, en dan is daar ‘n pyltjie wat... ‘n hoekie wat sê so, en by die... daar is... hulle is beskikbaar waar die musiek is. By die eerste hoek regs kan jy hulle kry. En dit was ‘n stad gewees wat al die godsdienste van die wêreld bymekaargebring het, nie bymekaar, al die godsdienste, groot godsdiensste was verteenwoordig op die plek gewees.

Dit was ‘n stad onder die Romeinse regering en dit was ‘n baie belangrike stad vir die Romeine gewees daardie, vanwee sy prominensie. En daar het ‘n kerk tot stand gekom. Nou, ons is nie presies seker nie maar dit lyk asof dit so ± 100 mense was, dalk, sê, twee, drie keer meer, 300, wat in daardie stad nou bymekaargekom het, en nou het dinge teen hulle begin te draai. Ons kan in Handelinge 19 en ander plekke lees van goed wat gebeur het in Efese, maar hulle het glad nie die guns van die stad nie, van die regering daar nie.

Hulle raak al hoe meer uitgeskuif. Daar word teen hulle gediskrimineer, en dis natuurlik die begin van ‘n groot vervolging wat teen die Christene ontstaan het. Toe Rome brand het die Christene die skuld gekry daarvoor, en daar het ‘n groot vervolging teen Christene onderstaan. Hulle begin al van daardie goed te voel. Nou skryf Paulus vir hulle. Nou, kan jy dink hoe moes hierdie woorde klink vir hulle? Julle ouens, dit lyk donker, maar kom ek sê vir julle, dis glad nie soos wat dit vir julle lyk nie, hoor. Ek weet hoe julle voel, ek weet hoe dit vir julle lyk.

Daar is ‘n troon. Daar is, met ander woorde, ‘n plek van waar af daar geregeer word. Daar is ‘n plek, en Iemand is op daardie plek. Hy sit in daardie stoel. En dis Jesus wat daar sit. Hy dink, Hy sien wat, neem waar, Hy besluit. En Sy opdragte word uiteindelik uitgevoer. Dit is nie soos wat dit vir julle lyk asof dit is en asof goed gebeur nie. Nou, dis iets wat jy dalk nie maklik kan sien nie, maar ek wil vir julle sê, ek bid vir julle dat julle oë kan oopgaan dat julle dit kan sien, dat jy dit kan weet. Dit is hoe dit is.

En kom ek sê net vir julle wie is julle. Julle is nie net sommer ‘n klein groepie mense hier wat op die kantlyn van die lewe staan en, o ja, daar is ook hier kerk, daar is ook hier... nee, nee, nee, nee, julle verstaan nie. Julle is in die middelpunt van God se plan. Deur julle en saam met julle gaan daar goed gebeur en gaan Hy goed doen wat vêr bo julle denke is. Julle is Sy kerk. Julle is Sy bruid. En Hy gaan... deur julle gaan Hy hom nou openbaar in hierdie wêreld, gaan Hy Homself bekendmaak. Julle is Sy liggaam.

Besef julle wie is Hy? Besef julle wie is julle? Julle moet dit weet, en ek bid vir julle vir dit, want dis 'n insig en ‘n kennis waartoe jy nie sommer tot jouself toe moet kom nie. Ek moet vir jou bid daarvoor. Daar is iets wat in jou moet gebeur. Jou geestesoë moet oopgaan en jy moet kyk na dinge soos wat dit regtig is, want soos wat jy dit waarneem kan jy dit heeltemal mis in jou lewe. God is in beheer. Daar is 'n troon.

Vandag, ek het al hoeveel mense gekry wat vir my sê hulle kan nie glo nie, want kyk wat gebeur in die wêreld. Dis ‘n bewys dat daar nie ‘n God is nie, want hoe kan ‘n God van liefde toelaat, nê. Paulus praat presies anderster daaroor. Hy sê, ten spyte van vervolging, van alles wat met julle gebeur, wil ek bid dat julle kan sien God is nog steeds in beheer. Dit is nie buite beheer nie. Kyk, dis ‘n boodskap wat jy veral nodig het as jy baie swaar kry.

Johannes, 90 jaar oud. Hy kap klippe op die eiland van Padmos, vierkantige stene, blokke wat hulle gebruik het om tempels te bou en paleise te bou vir die keisers. Hy is besig om dit te doen. Nou skryf hy ‘n brief aan die gemeentes wat swaarkry, onder andere ook in Efese. En hy sê hierdie brief moet gesirkuleer word. Dis die laaste boek in die Bybel, Openbaring. Hy sê, en ek... en elke een wat hierdie boek lees en verstaan sal geseën word. Hy sal geseën word.

Hy skryf dit in kodetaal om dit verby die sensorraad te kry, en ek dink daardie soldate het dit so gekyk en gesê asseblief, stuur hierdie brief dat hulle kan sien hoe dom... dat hulle kan sien hierdie oom is besig om sy kop te verloor, want hy praat van drake en hy gee... nee, ons het al gehoor van mense wat sulke goed begin sien en so bietjie

begin in ‘n ander wêreld oorstap. Maar intussentyd gebruik hy al die beelde van die Ou Testament, en Christene, en mense wat die Bybel ken, lees dit en ons... o, dis wat hy sê.

En hier is die... hier is sy een groot ding waarmee hy begin. Hy sê ek was in die gees op die dag van die Here. Ek het ‘n stem agter my hoor sê. Dan net ‘n bietjie... ek kyk op en ek sien daar is ‘n troon, en Een sit op hierdie troon. Dis my boodskap aan julle. Hoor hier, toe is... ek weet... ek weet hoe dit nou lyk. Ek kap klippe. Dis ‘n harde lewe. Ek wonder hoekom. Wat gaan van my word? Ek is weggeneem van familie. Ek is weggeneem van vriende. Ek is geïsoleer. Ek is... as gevolg van my geloof, my geloof. Daaroor sit ek in hierdie situasie waarin ek is.

Maar kom ek sê vir julle hoe is dit. Hy is op die troon. Jy moet dit weet, en jy moet weet wie is Jesus. Jy moet weet wie is Jesus. Kyk, dis nie hoe Johannes na Jesus gekyk het in die begin nie, nê. Kyk, as daar nou ‘n ou is wat diep getref was, Johannes 1:40, hy sê dit was vieruur die middag, die eerste keer wat ek Jesus gesien het, huh. Ek meen, ek dink Jesus moes ‘n manier gehad het waarop hy gekyk het na ‘n ou, nê, dat, jy het al mos gevoel, jis, hierdie ou kyk dwarsdeur my. Ek voel so half ongemaklik. Ek dink Jesus moes so gekyk het na Johannes.

Hy sê, ek onthou, dit was vieruur die middag. En toe gaan ek agter Hom aan. Ek word Sy dissipel. Ek word een van die binnekring. Ek is saam op die Berg van Verheerliking. Ek lê teen Sy bors, ek... ek is inside circle saam met Jesus. Toe hy Jesus op Padmos sien en hy kyk om, toe herken hy Hom nie, toe val hy soos ‘n dooie voor Sy voete, en Hy sê vir hom, staan op, staan op. Hy is nie soos ek gedink het Hy is nie.

Dis presies dieselfde wat Paulus oor praat. Paulus gee nou hierdie prentjie vir hulle van Jesus, maar hy skryf, in 2 Korintiërs 5:16, hy sê ek ken Jesus nie meer na die vlees nie. Jesus is nie die persoon wat ek geken het op aarde nie. Ek ken Hom nie meer na die vlees nie. Ek ken Hom nou in die gees. Hy is groot. Hy is verhewe. Hy is hoog. Hy is bo alles. Hoe groot is Jesus vir jou? Hoe dink jy aan Jesus? Wie is Hy? Wie is Hy?

Kyk, ons dink baiekeer Hy is Jesus Christus, Sy van is Christus, soos Jan van der Merwe, Jesus Christus. Maar dis glad nie hoe dit was nie, nê. Dis glad nie wat bedoel word deur die woorde Jesus Christus nie. Jesus was Sy naam waarmee... dis die klank waarmee Hy geroep is. Sy naam was sekerlik... Sy offisiële naam in Bybelse tyd was seker Jesus Ben Josef, Jesus, die seun van Josef. Dis seker hoe Hy bekendgestaan het.

Christus was die titel wat aan Hom gegee is. Christus beteken die gesalfde. Hy is die gesalfde van God. So, Hy is Jesus, histories, die persoon, maar Hy is ook die gesalfde van God wat al die historisiteit ook kan oorskry. Kyk, en daar is vandag ‘n groot debat in die wêreld ook aan die gang oor wie is Jesus regtig, en jy het die twee kampe, die Jesus kamp en die Christus kamp. Maar hy is Jesus Christus. Hy is abei van hulle.

Jy kry die mense wat vreeslik klem lê op die historisiteit en dan wonder oor, ja, maar jy weet, dis is... opstaan is nie regtig nie. Hy het opgestaan in ons harte, en, jy weet, en... maar Hy is die Christus ook. En dit is die prentjie waarmee Paulus en Johannes na die kerk toe mee kom om vir hulle te sê, kyk wie is Hy. Dis groot. Dis belangrik hoe jy na Hom kyk, en dit is iets wat jou gaan in staat stel om die lewe te kan hanteer en in hierdie lewe te kan omgaan met, wat ons gelees het, met boundless energy en met groot hoop in hierdie lewe as jy kan sien wie is Jesus. Sien dit.

En dan sê hy vir hulle, en besef julle wie is julle. Julle is die kerk. Nou, wie is die kerk? Wie is die kerk vandag? Dis nie die geboue nie, nê. As ons praat van die kerk praat 'n mens nie van geboue nie, soos wat ons gesing het ook. 'n Gebou is 'n middel. Dit is iets wat ons kan help om 'n kerk te bou. Dis iets wat ons kan help om 'n kerk te wees. Dis interessant hoe mense kan verskil oor geboue. Die teologie oor geboue verskil.

Ek het 'n vriend wat sê dis heeltemal verkeerd om geboue te hê. Sy teorie is gebruik eerder daardie geld vir iets anderster. Die probleem is net jy kry net nie die geld vir iets anderster nie. Jy kan nie vir hulle sê gee vir die gebou en dan gebruik ons dit vir iets anderster nie, nê. Ek het... in ons informele nedersettings het ons agtergekom geboue speel 'n groot en 'n belangrike rol in die groei, in die vestiging, in die verstewing van 'n gemeente. Dis amper if you build it they will come. Dis iets van permanensie. Dis iets van status. Dis iets groots waar mense uithang in ons informele nedersettings, en dis hoekom ons ook belê in geboue daar, want ons glo dit kan help om die kerk te bou, maar kerk is mense, dis mense.

En die gom wat hierdie mense bymekaar bring is nie wat hulle glo nie. Dis nie wat hulle glo nie. Dit is... party denominasies dink so, nê. Ons het die waarheid. Ons weet wat is reg. Hulle weet nie wat is reg nie. Ons is die kerk van die Here Jesus, asof ons 'n dogmatiese toets gaan inskryf as ons daar bo kom. Okay, hoeveel water was daar gebruik? Hoeveel water? Nee, jis, jammer, jy dop. Jy het te min water. Of het jy 'n hoed gedra, want die Bybel sê dan uitdruklik jy moet 'n hoed dra, huh? Is dit wat met ons gaan gebeur?

Iemand het eenkeer gesê daar wag 'n groot verrassing op ons, twee, as ons in die hemel kom: wie daar is, wie nie daar is nie. En ek dink 'n groot verrassing gaan wag as jy dink dit gaan op grond van jou geloof. Dis nie geloof nie. Dis nie wat jy glo nie. Party mense dink dis ons emosionele behoeftes wat ons bymekaarbring, jy weet. Die eerste kerk het bymekaargekom uit vrees, maar dis vinnig verander toe die Heilige Gees oor hulle kom en hulle krag ontvang. Toe is dit nie meer... dis nie die gom nie, die feit dat ek emosionele behoeftes het.

Jy weet, en ons moet oppas om te dink aan die kerk as 'n familie wat my psigoseksuele behoeftes moet ontmoet soos wat dit in 'n gesin gebeur. Dis nie wie die kerk is nie. En ek dink baie van ons kom na die kerk toe met daardie behoefte om, vervul dit in my. Dis dikwels die mense wat voel dat die community is so oppervlakkig. Ons is nie diep genoeg nie. Ons care nie genoeg nie, jy weet. Doen jy dit, gee jy dit, maar wat is dit wat jy diepste soek, en is dit die gom wat ons bymekaarbring, ons eensaamheid, ons gebrokenheid? Nee, dit gebeur in terapiegroepe, dit gebeur in gesinne, dit gebeur op ander plekke, daardie behoeftes.

Dit is ook nie net ons kultuur, ons taal, dis nie ons ideologie wat ons bymekaarbring nie. Dit kry jy in enige sosiale organisasie, as hulle weens watter verskynsel, as in ‘n taal of in ‘n wat, wat... Dis ook nie net ons missie wat ons bymekaarbring nie, want daar is baie instansies wat ‘n... groot, edel missies het waarmee hulle omgaan. Is hulle ‘n kerk? Nee, hulle is nie ‘n kerk nie. Wat is die kerk?

Die kerk is, ek dink Matteus 18:20 gee 'n baie mooi definisie: waar twee of drie in My naam bymekaarkom. As jy besluit om ‘n volgeling te word van Christus dan vind jy uit jy is nie alleen nie, daar is ander mense wat ook volgelinge was van Christus en volgelinge is van Christus. Jy is deel... jy word deel van iets groots. Nou, hier is... hier lê net... hier lê die probleem. Jy sien, die wêreld waarin ons leef is geweldig individualisties georiënteerd en verbruikersgeoriënteerd.

Individualisties, ek sal besluit. Ek sal besluit of wil ek of wil ek nie. En wat is daarin vir my? Dis die mindset, die groeiende, sekulêre denkpatroon waarin ons verval, en ons koop in in hierdie waarde in. Die kerk breek dit en die kerk gaan teen dit. Die kerk sê jy besluit nie wie jou boetie en jou sussie en wie... jy besluit nie. Jy is deel en ander mense volg Christus ook. En jy moet jou... nie net na Christus kyk nie. Jy kyk nou na hulle toe. Ek word 'n Christen deur Jesus aan te neem. Ek word ‘n lidmaat deur die gemeente aan te neem en deur my broers en my susters aan te neem. Hier is ander mense wat saam met my is, en ek moet my lewe ook met hulle deel.

Jy weet, nou toe ek in Europa was toe word ek uitgenooi om by ‘n plek te gaan praat. Die gemeente is 15 mense wat bymekaarkom. Op die groot universiteit is daar 20,000 studente. Daar is so 200 mense wat Sondag kerk toe gaan, en omtrent 120 van hulle is dosente. Kerk is uit. Mense het intense spirituele behoefte. Ek het vriende wat so is. Hulle kyk glad nie na die kerk as ‘n opsie of ‘n plek of ‘n manier wat in hierdie behoefte en wat hulle het kan voldoen nie. Ek soek Jesus. Ek soek nie... ek soek nie kerk nie. Maar Jesus sê jy kan nie die twee van mekaar skei nie.

Weet jy wat doen... wat sê die Here vir Paulus toe Hy vir Paulus kry op die pad? Toe Paulus die kerk vervolg, Saulus, toe stop die Here hom en die Here praat met hom en Hy sê vir hom, waarom vervolg jy My. Hy sê nie vir hom waarom vervolg jy My kerk nie. Jy vat nou aan My. Dis My liggaam. Dis My liggaam hierdie. Jy het nie ‘n opsie om te kies tussen Christus en die kerk. En baie mense sê, ek kan net so goed ‘n Christen wees by die huis. Ek kan net so goed op my eie bid. Ja, en hoe maklik is dit nie om ‘n Christen te wees sonder ander mense nie, huh?

Yes, maar jy kan nie. Jy het nie ‘n keuse hierin nie. So die vraag is, glo jy aan die kerk. Glo jy aan die kerk? In die 12 artikels, dis nou ‘n moderne weergawe waarna ons geluister het vanmôre, is... hier teen die derde eeu het die kerk bymekaargekom en besluit hier is die ononderhandelbare 12 artikels waarom ons geloof gaan as ons dit alles uit die Bybel uit moet haal. Ek glo in God die Vader, ek glo in die Seun, ek glo in die Heilige Gees, en ek glo in die kerk. Nou, weet jy waar dit vandaan kom? Ouens is doodgemaak. Daar is ‘n diep, groot prys betaal vir die geloof wat ons vandag mee kan sit en die geloof wat ons vandag het.

En dis nog 'n probleem in die tyd.  Ek het iets teen die tyd waarin ons leef, soos u kan agterkom.  Die historisiteit gaan verlore.  Geskiedenis maak nie meer saak nie.  Jy weet, ons lewe in 'n geen diepte, geen agtergrond, dis net nou wat saak maak.  Geskiedenis is belangrik.  Ons gaan die foute herhaal as ons nie weet wat ons gedoen het wat verkeerd was in die verlede nie.  En daar is mense wat met hulle dood betaal het vir die geloof wat ons vandag het.

En toe hulle nou doodgemaak word toe sê hulle, hoor hierso, kom ons maak net seker waarvoor gaan ons dood.   Kom ons sit net dit neer, dis die goed, en hulle sê ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die gelowiges.  Dis hoe die eerste... as jy nie die 12 artikels aanvaar nie is jy nie deel van die Christelike kerk nie.  Jy kan jouself kerk noem, maar jy is nie kerk nie, nie Christelike kerk nie, want dit is wat die voor... wat die vaders van die kerk bepaal het, gebid het oor, gepeins het oor, en nou is dit... vir 2,000 jaar word dit opgehou deur die kerk.

En as dit so lank vashou dan dink ek nie dit gaan verander nie.  Dis die kern van die Christelike geloof.  Ek glo aan die kerk, nie in die kerk nie, aan die kerk, dat God kies mense.  Hy identifiseer met mense, en Hy het 'n spesiale groot plan wat Hy deur daardie mense wil bereik en tot stand moet kom.  Dit breek deur ons individuele denke, ons individuele ingesteldheid.  God het nie net 'n plan vir jou lewe nie, maar die kerk is ook deel daarvan.  God het ook 'n plan met 'n kerk.

Lees die Bybel.  Elke brief wat geskryf is is aan 'n gemeente, aan 'n groep mense geskryf.  En dan sê hy vir daardie groep, bid oor dit, doen dit.  Dit is wat God deur julle wil doen en waarheen Hy julle wil vat.  En ek dink dis miskien een van die grootste wonderwerke wat daar vandag is, is die kerk.  Dink bietjie daaroor.  2,000 jaar oud, vervolg, verban, vermoor, en wat gebeur?  Watter instansie kan dit... watter instansie in die wêreld het dit deurstaan?  Geen.  Die kerk het.

Ek dink daar is iets bonatuurliks aan die kerk.  Daar is, want die Here sê Ek kyk na My kerk, en Ek is die Hoof van hierdie kerk.  En dan, hierdie kerk is My liggaam.  Dis My liggaam.  Hy sê nie hierdie kerk is soos My liggaam nie.  Hy sê nie hierdie kerk... dis nie metafories nie.  Die kerk vervang nie My liggaam nie.  Die kerk is nie 'n teken van My liggaam nie.  Die kerk is My liggaam.  Kan ons dit vat?  Kan ons dit glo?  Hy vervang nie.  Hy vergroot nie.  Hy vereenvoudig nie.  Hy is nie... verteenwoordig nie net nie.  Dit is My liggaam.  Dis geweldige woorde.

Dit beteken dat die inkarnasie, die vleeswording van Christus nie 'n historiese gebeurtenis is wat verby is nie.  En baie van ons dink so daaraan.  Jesus het... God het besluit Hy gaan vlees op Hom neem, Hy gaan as 'n mens na hierdie aarde toe kom, en toe sterf Hy, toe gaan Hy dood en toe vaar Hy op hemel toe, so inkarnasie is 'n historiese gebeurtenis.  Dis verby.  Jesus sê nee, julle is nou My liggaam.  Hy is nog steeds besig om te inkarneer en na hierdie wêreld toe te kom.

Paulus gaan so vêr om te sê, julle is My vlees en My bene, haal hy Jesus aan, so as daar gepraat word van die liggaam van Christus dan kan dit na drie dinge... Christus, na drie dinge toe verwys.  Dis 'n historiese, Jesus.  Dis kan verwys na die nagmaal wat Hy ingestel het en gesê het, neem, eet, dit is My liggaam wat Ek vir julle breek en

wat ek vir julle gee. En dit kan ook wees dat Hy verwys na die liggaam, die kerk van die Here Jesus.

Dit beteken dat Hy... Hy sê Ek lewe deur hulle. Ek lewe in hulle. Dis groot. Dis groot. Hoe ons na mekaar kyk, as ek met jou te doen kry kry ek met iets van Christus te doen, en dis wat Jesus gesê het. Julle vra wanneer het julle My... maar toe jy na daardie ou toe gaan in die gevangenis toe het jy My besoek in die gevangenis. Weet jy, dit is Ek waarmee jy te doen gekry het daar. Dis anderster na mekaar. Dit is ook by jouself, waar ek kom, waar ek is. Ek is Sy hande. Ek is Sy voete. Ek is Sy oë. Ek is Sy mond waar ek beweeg by die werk waar ek is.

Dit is hoe Hy deur ons Sy kerk waarin Hy leef en beweeg die wêreld mee vervul. Ons het ‘n roeping. Jy sien, hier vat die kerk jou uit ‘n klein wêreld en ‘n lewe uit jouself uit. Iemand het eenkeer gesê, if your life is all wrapped up in yourself it makes a pretty small package. Maar hier is dit, hey, ek word geroep om ander deel te maak en my lewe te deel met ander mense wat ek nie kies nie, wat ek nie noodwendig van hou nie. En dan sê Hy vir my nog ook ek het ‘n calling, ek het ‘n roeping.

Daar is iets groot besig om te gebeur in die wêreld. Die grootste ding wat nou in hierdie wêreld gebeur is die koms van die Koninkryk na die wêreld toe. Dis wat die Bybel sê. Dis wat Jesus gesê het. Hy sê, wel, ons gaan aan. Ons sê, hey, ek moet plant, ek moet dit doen, ek moet osse gaan koop, ek het grond... Hy sê daar is ‘n maaltyd aan die gang. Daar is ‘n groot ding, en jy is deel daarvan, die Koninkryk van God wat na die wêreld toe kom.

Maar hier is die ding; ons is Sy liggaam. Daar is twee woorde in die Grieks. Ons is soma, maar ons is ook Sy sarks. Dis ook ‘n gebroke liggaam. Jy weet, as die Bybel sarks gebruik oorwegend dan gebruik dit... dit is ook liggaam, maar dan verwys hy veral na die verderflike liggaam, die liggaam wat reuke afgee, die liggaam wat doodgaan, die liggaam wat sondig, die liggaam wat siek word. Jesus, dan gebruik die woord, dan sê Hy, my sarks. Julle is ook My sarks. Julle is My soma, maar julle is ook My sarks.

Nou, ons hou nie van die sarks nie, maar Jesus het iets groots gesê. In Johannes 6 sê Hy vir hulle, as julle van My liggaam eet, My sarks eet, My bloed drink, dan het julle die lewe in julle. En baie meen dit het te doen met die nagmaal waarna Jesus verwys, en dis die groot rede hoekom die mense toe gesê het, met ander woorde hulle het verkeerd verstaan, hulle het dit verstaan as kannibalisme, dat ons mekaar nou gaan begin eet hierso, toe sê hulle, nee, nee, nee, kom ons loop. Hierdie ou, Hy praat nie nou meer lekker goed nie.

Maar Hy het nog glad nie oor Sy liggaam... Hy het nog glad nie oor die nagmaal gepraat tot heelwat later, maar Hy het al oor Sy eie liggaam, Johannes 2, gepraat, en oor die kerk wat Hy wil stand kom toe Hy by die tempel kom en Hy sê ek gaan hierdie tempel afbreek in drie dae en ek gaan hom weer... Hy het al oor dit gepraat, so dit kan dalk net iets anderster beteken. Jy weet, en dis hierdie ding met Jesus. As jy in die kantlyn staan dan kan jy geïmponeer word deur Sy wonders, Sy tekens, vir alles wat dit vir jou inhou. Ons het kos gekry. Kyk, Hy het ouens gesond gemaak. Kyk hoe magtig is Hy. Ek soek so ‘n God wat my lewe kan lekker maak, nê.

En dan, sodra hulle nader aan Jesus kom en Sy lering begin verstaan en hierdie goed, dan sê hulle, no, wait a minute. Om Sy volgeling te word, dis bietjie anderster, jy weet. Ek wil net glo so van die kantlyn af en al die benefits kry. Maar as ek nou saam met Hom begin en hierdie goed begin te verstaan waaroor Hy praat, dis te tough. Dis te moeilik. Ek wil nie dit hê nie. Toe draai baie om van Jesus en hulle loop. En Hy draai om en sê vir Sy dissipels, wil julle nie ook maar gaan nie. En hulle sê, nee, nee, nee, U is die enigste een wat die woorde van die lewe het.

Maar wat beteken dit? Jesus sê as jy nie My liggaam, My kerk, My gebroke kerk, want dit is wat Hy ook is, as jy hom nie kan aanvaar, as jy hom nie kan inneem en jy kan hom aanvaar nie dan kan jy ook nie die God wat jy nie kan sien nie, wat liefde is in die hemel, aanvaar nie. En Johannes skryf dit later in sy brief, 1 Johannes 5:20, net so as hy sê, as jy sê dat ek God liefhet maar jy haat jou broer dan is jy 'n leuenaar, want hoe kan jy God liefhê, wat jy nie kan sien nie, as jy jou broer wat jy kan sien nie kan liefhê nie?

So hoe kan ek deel met 'n ewige, liefdevolle God wat in die hemel is as ek nie kan deel met 'n gebroke, sigbare mens wat voor my staan en voor my te doen het nie? En het ons dit nie, gebrokenheid? Dis wat die kerk ook is. En as ons kyk, as ons kyk na die geskiedenis dan gril ons. Asseblief, ons kan niks met die Moslems doen en hande na hulle toe wys en Bin Laden nie. Die kerk het presies sulke goed gedoen.

Daar was 'n inkwisisie, daar was kruistogte. Daar was 'n stilswye terwyl boosheid oorgeneem het. Noem dit. Seksuele skandale, finansiële skandale, dis ook die kerk, maar dat God deur daardie kerk en deur daardie gebrokenheid... dis nie net dit nie. Die kerk is ook die soma. Hy is nie net die sarks nie. En baie van ons kry te doen met die sarks en dan sê ons, nee dankie, ek loop weg van dit af. Dis nie vir my nie, nie vir my nie. En Jesus sê as jy dit doen dan moet jy weet jy loop weg van Hom af. Dis deel van hierdie hele lewe.

Ek wil vir julle 'n brief lees. Ek het nou ongelukkig net vanmôre eers daaraan gedink om dit te doen so hy is nie op die skerm nie. Jy kan hom op die web gaan aflaai as jy belangstel daarin. Dis Carretto, dis 'n Italiaanse skrywer wat net oor hierdie ambivalente ervaring en sig op die kerk mee werk en te doen kry. Hy sê how much I must criticise you, my church, and yet, how much I love you. You've made me suffer more that anyone and yet I owe more to you than anyone. I should like to see you destroyed, and yet I need your presence.

You've given me much scandal, and yet you alone have made me understand holiness. Never in this world have I been anything more compromised, more false, yet never have I touched anything more pure, more generous, more beautiful. Countless times I've felt like slamming the door of my soul in your face and yet every night I've prayed that if I die it will be in your arms.

No, I cannot be free of you, for I am one with you, even if not completely you, then you. Where would I go to, to build another church? But I could not build one without the same defects, for they are my defects, and again, if I were to build another church

it would be my church, not Christ's church. No, I'm old enough. I know better now. Die kerk van die Here Jesus op aarde.

Ek is gefassineer met die innerlike betekenis van die skrif. Wat ek daarby bedoel is, wat binne in ons gebeur en moet gebeur en kan... wat is die effek? Hoekom? As Jesus iets sê, hoekom sê Hy dit? Wat sal in my gebeur en deur my gebeur as ek in die realiteit instap van dit wat Jesus nou sê? Kom ons dink net so bietjie daaroor, oor die woorde en dit wat Paulus nou gedoen het met hierdie kerk. Wat sal met jou gebeur as jy dink dat Jesus op die troon is? Daar is 'n troon. Dit lyk nie so nie. Bietjie chaoties, dis bad goed aan die gang en dit lyk donker, maar daar is 'n troon.

Goed gaan kulmineer. God gaan alles verander. Hy is besig om dit te verander. Daar is 'n troon. Jou Godsbeeld, wat gaan gebeur as jy so aan jouself begin te dink, huh? Jy weet, dis asof Paulus ons so uitroep en hy sê moenie jou identiteit kry in goed buite nie, in wat jy het en wie jy ken. Hy sê nie hierdie goed nie, maar hy sê, ek wil net vir julle sê, weet julle, ouens, julle kry jou identiteit. Ten diepste lê dit in jouself, in jouself. Weet jy wie is jy? Jy kan nie weghardloop van God nie. Jy kan nie wegkom van God af nie. Hy is met jou. Jy is Sy kerk. Jy is Sy liggaam.

So, Godsbeskouing, selfbeskouing, wêreldbeskouing, weet julle hoe werk hierdie wêreld? Waar jy kom, waar jy gaan, jy is op 'n missie. Jy is 'n geroepene. Jy is die liggaam van Jesus. Jy is die enigste Bybel wat baie mense ooit sal lees. Jy is die enigste liefde, kompassie, hand van God wat hulle ooit sal voel, sal deur jou gebeur. Dis hoe jy is.

Dis duidelik in die sielkunde dat ons deur ons Godsbeskouing, ons selfbeskouing en ons wêreldbeskouing die meeste besluite gebasseer is op die manier waarop ons kyk na hierdie goed. Hoe sal dit in jou lewe wees as dit waarvan ons vanmôre praat deel is van jou lewe en 'n realiteit is in jou lewe? Hoe sal dit wees? En dis miskien huiswerk. Gaan sit, vat net 'n pen en skryf net, soos wat die gedagtes by jou opkom, hoe kan dit wees. Hoe sal ek voel? Hoe sal ek dink? Hoe sal ek my tyd spandeer? Wat sal ek in my lewe inbring wat ek nie nou het nie? Waarvan sal ek ontslae raak? Wat sal ek minder van doen? Wat sal ek ophou doen? Wat sal ek meer van doen as dit 'n realiteit is in my lewe?

Kom ons bid saam. Vader, ons dank U dat ons vanmôre hier kan saam wees. Dankie vir U woord wat 'n lig is op ons pad. Here, help ons, ja, gee vir ons oop oë om te kan sien asseblief. En hier is vanmôre van ons wat dalk op baie slegte plekke in ons lewe is, vir wie dit vanmôre die wêreld se verskil kan maak as ons net kan weet, kan dink dat uit hierdie chaos, uit hierdie gebrokenheid, U kan ingryp, dat U kan verander, dat daar beheer is, en dat alles nuut kan word. Dankie, Here. Ons lewe met mekaar. Lei ons in hierdie tyd wat voorlê, ons te leer, ons te wys, iets van die manier van lewe wat U vir ons het as U kinders. Laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied, in die naam van Jesus, amen.

Die genade van die Here Jesus, die liefde van God, en die gemeenskap van die Heilige Gees in hierdie week is met jou, amen.